Formele Assessering

Taak 2 (a)

Naam en van: **GR.8A__**

AFRIKAANS GRAAD 8 HT

KREATIEWE TEKS: VERHALENDE OPSTEL

Eksaminator: M. Swanepoel **Tyd: 1 UUR**
Moderator: C. van Niekerk **20 PUNTE**

+1 oriënteringsperiode: Verduidelik metode en verwagtinge van opdrag.

Lees die volgende instruksies versigtig deur:

1. **Lees die opdrag baie versigtig deur.**
2. **Kies EEN van die twee opsies.**
3. **Dit sal tot jou voordeel wees om netjies en leesbaar te skryf.**
4. **Skryf in die taal wat geassesseer word.**
5. **Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die redigeringspoging as jy jou finale weergawe klaar oorgeskryf het.**
6. **Gebruik asseblief 'n blou pen en redigeer jou foute met 'n kleurpen.**
7. **Trek 'n potloodlyn aan die regterkant van die bladsy en moenie daarin skryf nie.**
8. **Jy moet 'n beplanning, eerste poging en finale poging skryf. Daar moet 'n bewys van redigering wees om jou eerste poging.**
9. **Tel en skryf jou woorde neer aan die einde van elke weergawe.**

OPDRAG

Skryf 'n **verhalende opstel** van **200-250 woorde (5 – 8 paragrawe)** waar jy minstens 13 van die volgende woorde en uitdrukkings moet gebruik. Jy mag jou eie uitdrukkings ook gebruik. Verskaf 'n opskrif vir jou opstel.

Juffrou Marelize Swanepoel

Storielyn:

Jou hoofkarakter is 'n persoon wat vinnig besluite kan neem. Die storie begin in 'n hotel. Iemand word beskuldig van diefstal. Dit is 'n storie waar risiko's geneem word. Jou karakter maak baie mense kwaad.

Woord of uitdrukking	Betekenis	Regmerkie as jy dit gaan gebruik:
Meer bek as binnegoed	Baie praat, maar het min verstand.	
So gereeld soos klokslag		
Buffel	Onbeskofte persoon	
Pimpel en pers		
Jou woorde opeet	Onder dwang jou woorde terugtrek of verskoning vra.	
Remskoen	Iemand wat 'n saak vertraag	
Vinkel en koljander	Een is soos die ander	
GPS	Globale posissioneringstelsel	
Dit het broekskeur gegaan	Dit het baie swaar gegaan	
Met die hele mandjie patats uitkom	Die geheim uitlap	
Belofte nakom		
Bloedstollende gil	Baie harde gil	
Verwronge idees	Idees wat verdraai is	
Dit is husse met lang ore		
Herprogrammeer		
Onmiddellike		
Strikvraag	'n vraag wat moeilik is, al klink dit eenvoudig	
Kwak	Dokter	
Kop het skoon uitgehak	'n bietjie mal geword	
Fotofnuik	Photo bomb	
Spin jy jou driewiel	Gooi 'n tantrum	
Skouervlieg	Back seat driver	
Jy soek vir gips en steke	Watch it	
Jeugdeeg	Make-up dra	
Williewerkie-wals	Toi-toi	
Woefkardoes	Doggie bag	

Juffrou Marelize Swanepoel